# JV-nuus

Kwartaal 3 - 2024/1

# DIE HOOF *se rede...*

## Die skool se tema vir 2024 is... LEEF DANKBAAR,

...want HTS John Vorster het werklik soveel om voor dankbaar te wees!

Maar in die daaglikse sleur en gejaag, kyk ons dit wat ons het om voor dankbaar te wees, so maklik mis. Die meeste van ons is so ingestel op die sogenaamde 'instant gratification' dat ons vergeet dat daardie groot, diepgewortelde koeltebome tyd vat om so te groei. Ons vergeet van die saadjie wat geplant moet word, die regte bemesting moet kry, natgegooi moet word en gekoester moet word voor ons eendag in die boom se skaduwee kan sit. Alles moet nou gebeur, nou dadelik en ons geduld is min. En ons vergeet dat die dinge wat regtig die moeite werd is, tyd neem.

### Hoe maak ek dankbare kinders groot in 'n wêreld vol kitsbevrediging?

Ek leen graag die volgende gedeelte by Helena Smith, geplaas in die VitaAmp-nuusbrief van 17 Julie 2024.

Dit is voorwaar 'n uitdaging om dankbare kinders groot te maak in 'n wêreld wat selfgerigtheid, eiegeregtigheid en materiële besittings beklemtoon. Party van ons het dalk nie in 'n welgestelde huis grootgeword nie en probeer dan om vir ons kinders te gee wat ons nie kon hê nie. Baie kinders se pa's werk ook soms ver van die huis of baie lang ure en as hy dan tuis is, oorlaai hy hulle met geskenke om te vergoed vir die tyd wat hy nie saam met hulle kon deurbring nie. Hoe dan nou gemaak om dankbare en tevrede kinders groot te maak?

Die krag van die woord, "NEE" (oftewel vitamien N) en duidelike grense is baie belangrik. Dit is belangrik dat 'n kind leer van uitgestelde voordeel en die waarde van harde werk vir dit wat jy wil hê en dat jy dit wat jy reeds het, moet waardeer. En ja, jou dade het gevolge: positief of negatief.

Dit is belangrik dat kinders die verskil ken tussen behoeftes (huis, kos, klere, liefde) en begeertes (nuutste modes en tegnologie). Gesels met jou kinders daaroor en maak seker dat hulle sien dat julle in julle huis behoeftes prioritiseer. Gee vir hulle 'n aanduiding van die groter prentjie, byvoorbeeld: Ons moet maandeliks betaal vir julle skoolgeld, kos, klere, buitemuurs, huispaaiement, motorpaaiement, ensovoorts.

Bou 'n roetine van dankbaarheid in jou huis. Begin soms aan tafel 'n gesprek met: "Waaroor is julle dankbaar?" Bid saam met jou kinders en sê vir God gereeld dankie vir sy goedheid en voorsiening. Betrek kinders by huishoudelike take. As hulle op so 'n manier bydra tot die huishouding, kry hulle 'n groter waardering vir die moeite betrokke om 'n gemaklike lewe te hê. Geen huis moet slegs 'n kinderparadys wees nie. Nee, in die gesin maak ons dit vir mekaar lekker.

Die waarde van uitgestelde bevrediging is baie belangrik. Kinders moet leer om te wag en te spaar vir iets wat hulle graag wil hê. Hulle sal dan ook 'n groter waardering vir daardie ding hê en dit beter oppas.

Dit is belangrik dat jy die voorbeeld stel en dankbaarheid modelleer. Kinders leer deur jou voorbeeld. As jy 'n tevrede en dankbare volwassene is, leer hulle by jou.

As jou kinders dankbare mense is, is die waarskynlikheid groot dat hulle ook eendag gelukkige en vergenoegde volwassenes sal wees.

Mag ons, die personeel en ouers van hierdie pragtige kinders in ons skool, die tyd neem om hulle hierdie kwartaal werklik raak te sien; tyd gebruik om hulle unieke self te leer ken en te belê in hulle menswees. Saadjies plant, bemes en natgooi en koester dat hulle sal groei tot doelgerigte, standvastige jongmense wat die steunpilare van 'n volgende generasie moet word. En laat ons dankbaar wees vir die voorreg om hierdie jongmense te mag leer dat tyd wat jy fokus daarop om klein goedjies raak te sien en deeglik af te handel en te waardeer, jou sterker maak; as jy die klein goedjies goed doen, sorg die groter dinge vir hulleself.

JV-groete.
A Dowd (Hoof)

# JV-waardes

# Deernis

## Genade as Motivering tot Deernis

**Deur genade te verstaan, kan ons deernis beter begryp en uitleef.**

**Om genade te ontvang, beteken om iets te kry wat ons nie verdien nie – dus, vergifnis en liefde van God af. Hierdie geskenke van God motiveer ons om dieselfde aan ander te gee.**

**Wanneer ons ander met deernis behandel, weerspieël ons die genade wat ons ontvang het.**
**Dink aan 'n tyd toe jy vergifnis of hulp nodig gehad het en dit gekry het. Daardie gevoel van verligting en dankbaarheid is iets wat ons aan ander kan gee deur deernis te betoon. Wanneer ons kies om vriendelik, geduldig, en liefdevol te wees, wys ons dat ons God se genade verstaan en waardeer.**

- **Matteus 5:7 – "Geseënd is dié wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word."**
- **Lukas 6:36 – "Julle moet barmhartig wees soos julle Vader barmhartig is."**
- **1 Johannes 4:19 – "Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het."**

## Gebed:

Here, dankie vir U genade en liefde. Help ons om hierdie genade aan ander te betoon deur deernis. Laat ons elke dag leef met 'n hart vol van U liefde en 'n begeerte om ander te help. Amen.

# JV-aansoeke

# Gr. 8-aansoeke

## DIE DEPARTEMENT VAN BASIESE ONDERWYS SE AANLYNAANSOEKE VIR 2025 IS OOP EN SLUIT WEER OP 12 AUGUSTUS

## STAP 1

**Gebruik die volgende skakel on aanlyn by die Departement te registreer: www.gdeadmissions.gov.za**

**Dokumente wat op die GDE-webblad gelaai moet word:**

- **Bewys van woonadres**
- **Beide ouers/voogde se ID-dokumente**
- **Leerder se nuutste/laaste rapport**
- **Leerder se geboortesertifikaat**

**(Gebruik asb Jpeg-, PDF- of PNG-formaat)**

2025

**ONTHOU:**
**- Daar is SLEGS 'n 7-dag tydgleuf waarin u dokumente kan laai.**
**- Die GDE sal u per sms of e-pos kontak nadat u geregistreer het.**

**GDE-proses (kortliks):**
**Application Period**
**- Submission of Documents by Parents**
**- Verification of Documents**
**Waiting List Management**
**Placement of Learners by Schools**
**Placement of Unplaced Learners**
**Processing of Incomplete Applications**
**- Late Applications**
**- Placement of late applications**
**- Transfers of faulty placements**

## STAP 2

**Onthou om ook HTS JOHN VORSTER se inligtingsvorm te voltooi en die dokumente te laai!**

**Klik hier!**

**JV-inligtingsvorm**

# JV-Raad

## JV-RAAD Inhuldiging

**Die nuwe JV-Raad vir 2024/2025 is op 11 Julie ingehuldig.**
**Ons sien uit daarna om in die volgende jaar die pad met hulle te stap.**
**Ons bedank graag die ouers wat die geleentheid bygewoon het en ons is saam met julle trots op hierdie jongmense.**
**Dankie ook aan al die personeel wat bygedra het tot die sukses van die geleentheid.**







***Die hoofde saam met die hoofleiers.***

### JV-RAAD 2024/2025

**HOOFSEUN**
Jonatan Walters

**HOOFDOGTER**
Minieke Swart

**RESPEK**
Jayson Homan
Arion Swanepoel
CJ Scheepers
Hendry Jackson
Lené Nortjé
Liya De Lange
Simon Lourens
Sumoné van Niekerk

**CHRISTELIKE NORME**
Michael Oosthuizen
Amia Du Preez
Christo van den Berg
Danté van der Walt
LJ Malan
Nicole Swart
Riaan Vosloo
Wian Viviers

**DEERNIS**
Xander Botha
Angelea Coetzee
Hugo Kruger
Jandré Klopper
Kaylee Bothma
Paul Liddle
Stian Smit
Tyron Fourie

**WAARDIGHEID**
Celine Luus
Dewaldt Coetzee
Dylan Jansen
Jacques Visagie
Jared Wilmot
Leané Roux
Matthew Curtis
Reagan van der Merwe

**INTEGRITEIT**
Suzette Mullin
Christian Nel
Jaco Coetzer
Jeandré Kruger
Leeaan Coetzee
Pedri Harmse
Ruan Steenkamp
Werner Jones

# JV-akademie

# TOP 10 AKADEMIE

WOW!

## HTS JOHN VORSTER
### Top 10 - Graad 8
### Kwartaal 2

1. Dylan Viljoen 87.00
2. Danica de Meillon 86.11
3. Christo Smit 84.44
4. Gizelle Rossouw 82.22
5. Nathan Britz 81.89
6. Madeleine Kritzinger 81.56
7. Tiffany Badenhorst 80.56
8. Pedri Boersema 79.22
9. Abigail van Wyk 78.56
10. Magnus Janse v Rensburg 78.11
10. Nathan Scott 78.11

*Welgedaan JV's!*



## HTS JOHN VORSTER
### Top 10 - Graad 9
### Kwartaal 2

1. Dané Venter 84.56
2. Devon de Beer 84.11
3. Rochelle Nortjé 83.67
4. Lucia Snyman 83.44
5. Ewald Koekemoer 81.44
5. Melantin Liddle 81.44
7. Abigail Kruger 81.22
8. Elzaan Roesch 80.33
9. Burger Kloppers 80.11
10. Zoey Slankamenac 80.00

*Welgedaan JV's!*



## HTS JOHN VORSTER
### Top 10 - Graad 11
### Kwartaal 2

1. Minieke Swart 86.57
2. Sumoné van Niekerk 85.14
3. Thomas Janse v Rensburg 81.29
4. Daniel Kruger 78.57
5. Tristyn van Niekerk 78.43
6. Christoffel van Aswegen 77.71
7. Marcus Sonnekus 76.13
8. Leonardus Malan 75.86
9. Stian Smit 74.43
10. Nellis Lerm 74.29

*Welgedaan JV's!*



## HTS JOHN VORSTER
### Top 10 - Graad 10
### Kwartaal 2

1. Hanno Klingbiel 89.25
2. Liné Grobler 88.50
3. Colin Augustyn 87.43
4. Tiaan Janse van Vuuren 85.71
5. Juandré Bezuidenhout 85.50
6. Jovan Slankamenac 85.00
7. Gideon Stander 81.88
8. Mikayla Vorster 81.43
9. Markus Snyman 80.75
10. Thinus Bezuidenhout 80.25

*Welgedaan JV's!*



## HTS JOHN VORSTER
### Top 10 - Graad 12
### Kwartaal 2

1. Anco Visser 91.86
2. Lian Pieterse 82.14
3. Sowden Brits 79.00
4. Jozelle Botha 78.57
4. Arno Joubert 78.57
6. Jean Visagie 78.00
7. Henry Müller 76.57
8. Jadin Jacobs 76.29
9. Janica Häffner 74.88
10. Marcelle van Tonder 74.86

*Welgedaan JV's!*



# JV-hulp


# NIKOTIENSAKKIES

## DIE NUWE NEIGING ONDER LEERDERS IN SKOLE

**Volgens studies van KANSA gebruik 16,8% van jongmense in Suid-Afrika, vanaf die ouderdom 15 en ouer, tabakprodukte en tussen die ouderdomme van 13 en 15 jaar gebruik altesaam 21,5% tabakprodukte (seuns 24,3% en dogters 19%).**

**Die Wetsontwerp op Beheer van Tabakprodukte en Elektroniese Afleweringstelsels van 2018, poog om die bedryf en minderjarige gebruik van hierdie tipe produkte te reguleer. In afwagting van die finalisering van bogenoemde wetgewing, is ons egter bekommerd oor 'n relatief nuwe en gewilde neiging onder leerders in skole: nikotiensakkies.**

**Nikotiensakkies is wit sakkies wat gewoonlik van plantvesel gemaak word. Hierdie sakkies bevat onder andere nikotien, maar gewoonlik nie in die vorm van tabakblare, tabakstof of -stingels in nie. Die nikotien kan óf van tabakplante afkomstig wees óf dit kan sinteties wees. Nikotiensakkies word beskryf as óf soortgelyk aan óf 'n tabakvrye weergawe van "snus".**







**Nikotiensakkies, ook genoem "snus" of "klein lipkussings" het onlangs gegroei in gewildheid onder leerders. Hierdie groei word aangevuur deur dieselfde soort sosialemediabemarking wat aanleiding gegee het tot die epidemie van die gebruik van "vapes" onder leerders. Die nikotiensakkies word ook aanlyn bemark onder die handelsmerke "Zyn, Velo, Klint, White Fox, Cuba, Fix en Siberia". Die sakkies is ook beskikbaar in geure wat gunstelinge onder minderjarige is, naamlik: peperment, mentol, sitrus, koffie, bessie, mango, "maxfreeze" en kaneel. Die nikotiensakkies deel baie van die eienskappe wat "vapes" en hul nabootsers so aantreklik vir leerders gemaak het.**

**Omdat die sakkies binne-in die mond tussen die lip en tandvleis geplaas word, kan dit versteek word tydens gebruik in skool, tydens klasse en in ander openbare plekke. Dit is selfs makliker om te versteek as "vapes", aangesien die gebruiker geen dampe vrylaat in die nabye omgewing nie. Nikotiensakkies soos Velo of Zyn word teen 'n sterkte van tussen 3mg en 10mg elk verkoop, met tussen 10 en 15 in 'n blik. 'n Sigaret, daarenteen, lewer ongeveer 1,5 mg nikotien per sigaret.**

**Dit is noodsaaklik om in gedagte te hou dat nikotien 'n verslawende stof is. Nikotienblootstelling kan verskeie newe-effekte tot gevolg hê. Dit sluit in: duiseligheid, hoofpyn, naarheid en buikkrampe - veral onder leerders wat nie normaalweg rook of damprook nie.**

*Bron - Memo voorsien deur Marius Botha Konsultante.*

# JV-spog

# Welgedaan JV's

## JV-skaak

20 Julie - Uitslae

O/15A - 4de plek
O/17A - 5de plek
O/19 - 3de plek

Veels geluk aan die O/19's wat deurgaan na die Distrik-uitspele wat 3 Augustus plaasvind.

## JV-MTB

Cycle Lab MTB School's Series
@ Steyn City School - 20 Julie
TOP 25

| 0/14 | 0/15 |
|---|---|
| Christean Müller 16de | Adriaan de la Rey 9de |
| Lohan Kruger 20ste | Quintin Knoetze 10de |

| 0/17 | 0/18 |
|---|---|
| Wium du Toit 2de | Henry Müller 16de |
| Stefan Botha 18de | Luan Swart 17de |

HTS John Vorster Seunsspan - 5de uit 65 skole!

## JV-RUGBY

NOORDVAAL-B RUGBYUITSLAE
20 JULIE

1stes
HTS John Vorster 44
H/s Ben Viljoen 40

O/16's
HTS John Vorster 15
H/s Ellisras 18

Speler van die Wedstryd:
1stes – SJ van Mourik
0/16s – Jayven Viljoen

## JV-SAGTEBAL

HTS John Vorster vs H/s CR Swart
19 Julie – Dogters

| | JV | CR SWART |
|---|---|---|
| 0/19 | 9 | 4 |
| 0/16 | 3 | 18 |
| 0/15 | 13 | 11 |
| 0/14 | 14 | 4 |

Speler(s) vir die wedstryd: Amone Meiring, Lucia Snyman, Abigail van Wyk, Zoe J v Nuwenhuizen

## JV-SAGTEBAL

HTS John Vorster vs Pepps Motheong
22 Julie – Seuns

| | JV | Pepps Motheong |
|---|---|---|
| 0/19A | 13 | 7 |
| 0/19B | 8 | 12 |
| 0/16 | 12 | 0 |
| 0/15 | 13 | 7 |

Speler(s) vir die wedstryd: Christoff Lombard, Eduan van Rensburg, Morne de Bruin, George Fourie

## JV-SAGTEBAL

HTS John Vorster vs H/s Gerrit Maritz
23 Julie – Seuns

| | JV | Gerrit Maritz |
|---|---|---|
| 0/19A | 3 | 7 |
| 0/19B | 0 | 16 |
| 0/16 | 12 | 6 |
| 0/15 | 7 | 4 |

Speler(s) vir die wedstryd: Aiden Venter, Jonatan Walters, Ruwaldo Enslin, Croydon Odendaal

## WRO – World Robotics Olympiad

Suid-Gauteng Uitslae

Senior Hoërskool WENNERS!
Juandre Bezuidenhout, Gideon Stander, Swayne Fourie

Junior Hoërskool 2de plek
Ewald Koekemoer, Ignus van Wyk

## Nasionale Brugboukompetisie

Pretoria-streek
20 Julie 2024



Wenners!

saice
JV'S BOU BRÛE!

## JV-JUKSKEI

HTS John Vorster vs Helpmekaar Kollege
23 Julie – Vriendskaplik

| Span | JV | HELPMEKAAR KOLLEGE |
|---|---|---|
| 0/16A | 8 | 7 |
| 0/16B | 7 | 8 |
| 0/19A (Dogters) | 5.5 | 9.5 |
| 0/19B (Dogters) | 8 | 7 |
| 0/19B (Seuns) | 8 | 7 |
| 0/19C (Seuns) | 9.5 | 5.5 |
| Eerstespan | 5.5 | 9.5 |

JV's wen 4/7!

## JV-LANDLOOP

4km & 6km – 24 Julie

HTS John Vorster eindig 5de uit 21 skole!

Junior atleet van die dag: James Viviers
Senior atleet van die dag: Nellis Lerm
Dogter atleet van die dag: Venette Janse v Rensburg

# JV-omgee

## BLOEDSKENKDAG & KANSA

Op Woensdag, 17 Julie, het die JV's net weer eens bewys wat moontlik is as 'n skool en gemeenskap saamstaan om 'n verskil te maak.
90 JV's het bloed geskenk en daar is ongeveer R4 000.00 vir KANSA ingesamel.
Dankie aan elke leerder, personeellid en ouer wat deel was van hierdie inisiatief. Ons waardeer julle omgee en ondersteuning.





## Hoe kan jy 'n verskil maak?



# JV-personeel

## ONTMOET ONS NUWE...

# Bemarker



# Ilana Visser

**Ouderdom: 38**

**Getroud:**


29 Oktober 2022



**Bynaam: Pookie Bear**

**Gunstelingdis?**





Ek LOVE hoender en pizza!

**Waaghalsig?**



Ek hou van avontuur.
Ek het in 2019 op pad Parys toe, besluit ek wil "skydive". Dit was fantasties!

Ek het in 2020 al my hare afgeskeer om R25 000 in te samel vir 'n vreemdeling op Tiktok.



**"Guilty pleasure"?**



Sjokolade!
Maar dit moet in my mond smelt!

"Meme" wat my die beste beskryf:



# JV-kalender

## JULIE:

31 Julie - Landloop Liga 3 @BHS
Sagtebal (seuns) vs Akasia

## AUGUSTUS:

2 Augustus - Brugbou
Day/Night krieket - L/s Boerefort vs Pretoria-Oos
Sagtebal (seuns) @Hartbeespoort
3 Augustus - Jukskei
Skaak - Distrik
6 Augustus - Sagtebal (dogters) vs Gerrit Maritz
7 Augustus - Landloop 2km dash @Curro Hazeldean
Sagtebal (dogters) @Willowridge
9 Augustus - Vrouedag
10 Augustus - Krieket - 1stes vs Mamelodi
12 Augustus - Krieket - 2des @Wagpos
13 Augustus - Krieket - 0/14A @Sutherland
- 0/14B vs Waterkloof
14 Augustus - Sagtebal (dogters) vs Rietondale
15 Augustus - Krieket - 0/15A @Overkruin
- 0/15B vs Wagpos
16 Augustus - Mnr en Mej JV
17 Augustus - MTB Cycle Lap School Series
- Landloop AGN Kampioenskappe
- Jukskei Skole-liga
19 Augustus - Krieket - 2des vs Sutherland 3
20 Augustus - Sagtebal (dogters) vs Crawford
Sagtebel (seuns) vs Rietondale
Krieket - 0/14A @Die Wilgers
- 0/14B vs Affies F
22 Augustus - Sagtebal (seuns) @HTS Tuine
- Krieket - 0/15A @Wagpos
- Krieket - 0/15B vs Affies D
24 Augustus - Gr. 6-ingenieursdag
- Landloop Noordvaal @Waterkloof
- Jukskei - Skole-liga
- Krieket - 1stes vs Sutherland
26 Augustus - Krieket - 2des @Midstream
27 Augustus - Sagtebal (seuns) vs Tuine
Krieket - 0/14B vs Sutherland
29 Augustus - Sagtebal (dogters) @Sutherland
- Krieket - 0/165A vs Mamelodi
- 0/15B @Crawford
31 Augustus - Bergfiets-liga 5
- Jukskei Skole-liga
- Krieket - 1stes @Uitsig

## HOOGTEPUNTE:

**16 AUGUSTUS**
- MNR EN MEJ JV

**24 AUGUSTUS**
- GR. 6-INGENIEURSDAG

**5 SEPTEMBER**
- BORGEFUNKSIE

**19 SEPTEMBER**
- MATRIEKAFSKEID

**5 OKTOBER**
- DAMESOGGEND

**17 OKTOBER**
- MATRIEKEREDIENS EN - PRYSUITDELING

**1 NOVEMBER**
- GYS PITZER GHOLFDAG

# JV-kontakte

**Algemene navrae:**

012 3321760 / 012 3321761

**Bemarking:**

0871483705

**Dissiplinekantoor:**

0871483708

**Finansies Gr 10-11:**

0871483719

**Finansies Gr 8-9 en Gr 12:**

0871483713

**Jeugleidingsentrum en afwesighede:**

0871483711

**Lapabesprekings:**

0871483719

**Skoolverlaters en nuwe inskrywings:**

0871483702 / 0871483704

**Sportkantoor:**

0871483710

**Voorkomskontrole:**

0871882330

**Vroeguiteken en L6-vorms:**

0871483707

# JV-adverteer




https://wenwetenskap.co.za/






# JV-adverteer


















# JV-borge

GYS PITZER
MOTORING

Hannes Dicks
Biokineticist

AUGUST'S cycles
sales • services • repairs

Frikkie Produksie
KRY VIR JOU N STUKKIE FRIKKIE

ARRIE NEL
APTEEKGROEP
Familie Waardes,
Waarde vir die hele Familie!

Blits
Sedert 1970

AME POWER SOLUTIONS

HATFIELD NISSAN

LJR PLUMBING SUPPLIES
012 333 0910

SMILES
DRIVING ACADEMY

MILLENNIUM BODY GUARDS SECURITY
M B G
EST.2001
MILLENNIUM BODY GUARDS

STORGE PETROLEUM

CRISIS ON CALL™
Est 2002
"your HERO on call"

hahn & hahn
attorneys • forensic accountants • food lawyers
FOR ALL YOUR BUSINESS AND CONSTRUCTION LAW NEEDS
CONTACT US ON 012 431 2480.
WWW.HAHNLAW.CO.ZA